# T P S McDonald

Thomas Peter Scannel ('Thos') McDonald is op 6 Junie 1922 op Aliwal-Noord gebore. Hy word groot op 'n plaas in die Zastron distrik en matrikuleer vanaf die Grey Kollege. Daarna studeer hy aan die Universiteit van die Witwatersrand waar hy in 1945 as dokter kwalifiseer. Daarna studeer hy as nagraadse student aan die Universiteit van Pretoria, waar hy eers as algemene chirurg kwalifiseer en daarna as uroloog. Hy betree daarna die private praktyk as uroloog in 'n vennootskap in Pretoria, tot 1972, toe hy na George in die Wes-Kaap verhuis.

Die skuif na George is eintlik gemotiveer deur die feit dat Thos besig was om 'n boot te bou, waarmee hy en sy vrou eendag die 'Seven Seas' sou bevaar. Vir dié doel het hy 'n plaas, Rondebossie, buite George gekoop. Die plaas het egter in 'n verwoestende brand groot skade gely, en die geld wat vir die boot opsygesit is, moes toe gebruik word om die plaas te restoureer.

Hy praktiseer tot en met 1982, en na sy aftrede het hy hom op die verbouiing van hops toegespits. Dit het hy gedoen tot ongeveer twee jaar gelede, toe hy die plaas aan sy seun oorgegee het, en hy en sy vrou hulle in die Genevafontein aftree-oord gaan vestig het.

Thos is in 1947 getroud met Jo-Ann Lubbe, oorspronklik vanaf Philippolis. Thos was bekend, gerespekteer en geliefd onder sy kollegas. Hy was ook 'n lid van die 'vier musketeers', vier gholfmaats wat elke Woensdagmiddag vir 24 jaar 'n potjie gespeel het. Hierdie groep het geleidelik gedisintegreer, met die afsterwe van dr. Francois le Roux, bekende geneesheer en fotograaf van George, en toe dr. Hendrik du Toit hom ook uiteindelik uit die groep onttrek het. Die vierde lid, ds. Kobus Hattingh, woon nog in die omgewing . Volgens dr. Hendrik du Toit was Thos 'n 'dierbare en sagte, dog ernstige, diep en stil mens wat sy werk met die grootste erns benader het'. Hy het selfs na sy aftrede tot kort voor sy dood steeds op hoogte gebly van die nuwe ontwikkelings in sy vakgebied, en kon na sy tagtigste verjaarsdag nog oor nuwe tegnieke praat en selfs op sellulêre en molekulêre vlak onderhoudend gesels.

Thos is na 'n kort siekbed op 14 April 2004 in Genevafontein in George oorlede. Hy sal deur kollegas en vriende gemis word. Ons medelye gaan uit na Jo-Ann en die kinders.

**Dr. J duT Zaaijman**
*Voorsitter,* Outeniqua-Tak, SAMA, George

# Pieter Philip Lombard

Dis met groot hartseer en skok dat ons verneem het van Piet se motorongeluk op 23 April 2004 en daarna die veg om sy lewe totdat die Hemelse Vader besluit het om hom te kom haal op 24 Mei 2004.

Piet is op 15 April 1959 gebore en het skoolgegaan in Kempton Park waar hy in 1976 gematrikuleer het. Hy het vir 'n jaar by die Pukke gestudeer en daarna medies gestudeer op Stellenbosch. Hy is weer terug na Potch waar hy in Kallie de Haas Hospitaal gewerk het en waar hy ook gedurende sy weermagjare gewerk het. In 1988 was hy vir 'n kort rukkie in Viljoenskroon voordat hy na Mafikeng gegaan het as vennoot in privaat praktyk. Dis tydens hierdie jare dat ek die voorreg gehad het om Piet te leer ken. Hy het sy Christenskap prakties uitgeleef in sy vriendelikheid, omgee en hulp aan sy kollegas en pasiënte. Ek dink nie Piet kon nee sê nie en hy was altyd beskikbaar vir sy pasiënte.

Om te gaan werk was altyd 'n plesier met Piet op kantoor of in die teater. Hy was lief vir sy sport en Transvaal was die top span, wat natuurlik tot goedige argumente gelei het. Hartseer was die dag toe Piet verder gaan studeer het en ook 'n groot terugslag vir ons gemeenskap. Hy het histopatologie gaan studeer te Medunsa en daarna het hy by die span van Ampath aangesluit en in Kempton Park gewerk.

Piet het altyd kontak behou met al sy vriende en gereeld gebel en moeite gedoen met samesyn en sport: ondersteunend en aktief. Hy het selfs die Argus fietstoer saam met sy seun gaan aandurf. Piet was ook 'n gesinsman wat sy vrou en kinders eerste gestel en ondersteun het. Hy was sterk in sy Christelike beginsels en het opgestaan vir dit waarin hy geglo het al was dit soms tot sy nadeel, en Afrikaans was vir hom na aan die hart.

Hy laat sy vrou, Jeanne-Marie, en twee kinders, Pieter-Philip en Marilé, agter. Met liefde eer ons sy nagedagtenis.

**Leon Rossouw**